



Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 27 JAAR OUD!

GRATIS

Januarie
2026

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Make 2026 a Year of Prayer

As we enter the new year with all the towering expectations, aspirations, and plethora of things that rush toward us, screaming for our attention, let us resolve to bring our needs, wants, petitions, thanksgiving, and problems to God in prayer. Let us turn to the most famous and well-loved prayer as taught by Jesus Himself and take inspiration from The Lord's Prayer for our own prayer life in 2026:

"You should pray like this: Our Father in heaven, help us to honour Your Name. Come and set up Your kingdom, so that everyone on Earth will obey You, as You are obeyed in heaven. Give us our food for today. Forgive us for doing wrong, as we forgive others. Keep us from being tempted and protect us from evil. [The kingdom, the power, and the glory are Yours forever. Amen.]" (Matt. 6:9-13 CEV).

Let us meditate on this prayer using some guidelines given by Pete Greig, author, church-planter and one of the founding leaders of 24-7 Prayer.

1. KEEP IT SIMPLE

"When you pray, go into a room alone and close the door. Pray to your Father in private. He knows what is done in private and will reward you. When you pray, don't talk on and on as people do who don't know God. They think God likes to hear long prayers. Don't be like them. Your Father knows what you need even before you ask" (Matt. 6:6-8 CEV).

Jesus warns us against getting overcomplicated in prayer. Instead, we are to keep it simple. To go into our room, close the door, and spend time with our Father. Jesus models this simplicity with The Lord's Prayer, a prayer that was just thirty words long in its original language and takes approximately thirty seconds to read aloud. Jesus

reminds us that prayer is the most natural and simple thing in the Universe.

If you're new to faith, you will probably have all sorts of sensible questions about prayer. I remember a sophisticated-looking lady coming to speak to me one Sunday after a service. "I'm new to Christianity," she said. "Is it all right if I talk to God in the shower?" At another time, I was driving a friend across town. He was a brand new believer and I suggested we pray. "No way!" he screamed, and tried to grab the wheel, terrified that I was about to close my eyes!

There are very few rules for Christians when it comes to prayer. Yes, of course we can pray in the shower, or while driving our cars. We are not required to close our eyes, to adopt a particular posture, to dress in a certain way, to wash ourselves ritually, or to use a fixed form of words simply to be heard by God. Some of these things can on occasions be helpful, as we shall see later, but the writer of Hebrews is clear that **God's Presence is freely available to us all at any time, in any place, through Jesus** (Hebrews 10:19).

God invites you to pray simply, directly and truthfully in the full and wonderful weirdness (uniqueness) of the way He's actually made you. Take a walk in the rain. Write prayers on the soles of your shoes. Write sonnets. Sit in silence in a forest. Go for a run until you sense God's smile.

2. KEEP IT REAL

"Jesus told a story to some people who thought they were better than others and who looked down on everyone else: Two men went into the temple to pray. One was a Pharisee and the other a tax collector. The Pharisee stood over by himself and prayed, 'God, I thank You that I am not greedy,

dishonest, and unfaithful in marriage like other people. And I am really glad that I am not like that tax collector over there. I go without eating [fast] for two days a week, and I give You one tenth of all I earn.' The tax collector stood off at a distance and did not think he was good enough even to look up toward heaven. He was so sorry for what he had done that he pounded his chest and prayed, 'God, have pity on me! I am such a sinner.' Then Jesus said, 'When the two men went home, it was the tax collector and not the Pharisee who was pleasing to God. If you put yourself above others, you will be put down. But if you humble yourself, you will be honoured'" (Luke 18:9-14 CEV).

Jesus invites us to keep prayer simple and also to keep it real. The Bible is full of honest, gritty prayers that are deep expressions of the heart. Sometimes these honest moments become our most important prayers.

One dark night, when my wife, Sammy, was in hospital awaiting brain surgery and long before we knew for sure that she was going to survive, my friend, Dan, kindly came to pray with me.

"Lord, if this is Your time to take Sammy home," Dan ventured at last, articulating my deepest dread, "would You please give Pete strength to bear the unbearable?" It can't have been an easy thing to pray. It was a faithful and biblical thing to ask, but I was having none of it. "No deal," I said, interrupting without apology. "No way, God. Over my dead body!" I was out of my chair, pacing the room. "If You're planning to take my wife from me, if You're planning to take a mum from her two little boys, well, You're going to have to fight me for her." Dan looked nervous but I didn't care. "And You're going to have to find someone else to do your PR in future too," I continued. "I resign.

I quit. I'm not going around telling people You're good if You don't prove it to me now." Tears were streaming down my cheeks. "God, I just don't care what Your will is. Let me tell You what my will is: I want my wife to live. I want our boys to know their mum. And if her name is up there on some celestial wall-planner, if she's destined to die of this thing, then what I want, what I need, is for You to sort it out."

I was almost howling my pain while poor Dan just sat there, probably wondering whether it was OK to say 'Amen' to this kind of irreverence. It was one of the most honest prayers I'd ever prayed. For a while I was embarrassed about the way I'd tried to pick a fight that night with God, ashamed that I hadn't been trusting enough, or was holy enough to echo the magnificent submission of Jesus in His darkest hour: 'Not My will but Yours be done.'

But then, one day, the Lord showed me very gently that, in fact, He had cherished my willingness to fight for Sammy's life because He loves her, too. That He wouldn't have expected me to do anything less. That He Himself had begged the Father, "Take this cup from Me" before He managed the other bit.

This moving memory reminds us of the importance of being honest and real with God. As we pray today, let's spend some time telling God what is really on our hearts.

3. KEEP IT UP

"Jesus told His disciples a story about how they should keep on praying and never give up: In a town there was once a judge who didn't fear God or care about people. In that same town there was a widow who kept going to the judge and saying, 'Make sure

Continued on p. 7

Die Drie V's - Op die Berg van die HERE sal dit Voorsien word

Die middag van 10 April 2024 sterf my vrou. Dit was 'n baie sware slag. Maar my lewe gaan egter voort. Soos die liederedigter probeer uitdrukking gee aan sy belewenis toe hy sing oor Abraham: *"It's the hardest hill I've ever climbed."* En hiermee kan ek identifiseer en 'n toepassing op my lewe maak. Dis 'n alleenpad ná 47 jaar van 'n goeie huwelik. Maar ook my bediening waarin ons saam intens betrokke was, word geraak. Wat nou?

1. VERGENOEGDHEID

In Gen. 22:14 lees ons: *"En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word."* Abraham het op die top van die berg Moria aangekom. Daar was 'n hele aantog tot hier toe, met geweldige groot geestelike en simboliese betekenis rakende God se openbaring. Vanaf Abraham, regdeur die Nuwe Testament in Jesus Christus, en tot vandag toe.

Hierdie is 'n oorbekende gebeurtenis wat opgeteken is in die Woord wat ek nog in my skooldae en by die bybelonderwyser gehoor het in my hoërskooldae. Ek wil nie die verhaal oorvertel nie, maar het slegs gepeins oor sekere aspekte daarvan: Abraham, nou nege en negentig jaar oud, en sy vrou Sara negentig. Net God kan deur 'n wonderwerk 'n seun vir hulle gee en ook 'n verbond met hom oprig. En verderaan het God vir hom aangewys waar hy die offer moes bring. God sê vir Abraham in Gen. 22:2: *"Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys."*

Ek het nagedink oor Abraham: *"Neem jou seun, jou enigste wat jy liefhet, ...gaan offer hom..."* Aldeur klim hy op met die berg voor hom. En hy klim met 'n sielewroeging, beswaarde hart, maar met geloof, al verstaan hy niks hiervan nie. God toets sy gehoorsaamheid. En sy gewilligheid om Isak te offer. Op die derde dag sien hy in die verte die offerplek wat die Here hom aangewys het. Vir sy dienaars sê hy hulle moet wag by die esels, hy en die seun gaan aanbid en terugkom. Het hy 'n wit leuentjie vertel? Nee! Ons lees in Heb. 11:18 hy het gereken dat God mag het om Isak selfs uit die dode op te wek. Want onthou, hy was die vader van geloof (Rom. 4:3). En verder, nadat hy die drag hout en die vuur op Isak se skouers gesit het, en Isak vra: *"My vader! Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?"* En Abraham antwoord: *God sal*

vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saam geloop" (Gen. 22:7-8). 'n Geloofsuitspraak van Abraham, al verstaan hy nog glad nie! Hy weet net: Hy moet God gehoorsaam, want God maak nie foute nie. God is Soewerein. Nou is Isak al gebore, en reeds 'n jong seun. En nogeens die wroeging. Abraham alleen met God.

Abraham en Isak stap saam na die top van die berg Moria, daar waar Abraham sy seun moes offer. Later was daar 'n altaar, en later 'n tempel gebou deur Salomo. Dit was die plek waar die Psalmis uitroep: *"Ek slaan my oë op na die berge. Waar sal my hulp vandaan kom?"* Dáár sal Hy God ontmoet! 'n Aanbiddingsplek om God te ontmoet. 'n Plek wat God vir Abraham uitgewys het. Dáár wag Hy om met Abraham te ontmoet.

Op die bergtop sal hy God sien en sy offer bring, tot breekpunt toe gehoorsaam, maar sy offer móét hy bring. Dit was glad nie maklik nie! Tree vir tree, voetjie vir voetjie stap hy aan om die uitkoms te sien. Want God die Almagtige maak nie foute nie, en Hy doen nie iets sonder rede nie. En Abraham en sy seun HET die offer gebring. Telkemale kom daar beproewinge en versoekings op die lewenspad van die gelowige wat ernstig is met die Here. Dan bring dit ons "op die die bergtop" - ons plek van afsondering en aanbidding, sodat ons ons offer kan bring, en sodat ons saam met Dawid kan sê: *"Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor U aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!"* (Ps. 19:15).

En ek? My vrou kom nie weer terug nie. Maar die Woord kom tot my wat Jesus ook vir Martha gesê het: *"Jesus sê vir haar: 'Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?'"* (Joh. 11:25-26). Ek moet daaraan vashou in geloof, en my pad verder met geloof en gehoorsaamheid stap. Alleen. Al is daar dierbare kinders van die Here rondom my wat vir my bid en Woord gee. Ook my kosbare kinders. Maar ek moet self by God uitkom! Want Hy bou kosbare boustene in my in en vorm my karakter. Hy is die Pottebakker en ek is die klei. Nie andersom nie! En ek moet saamwerk: *"The clay must yield to the Potter's Hand."*

Vir elkeen wat hier lees, onthou, God werk met elkeen op Sy Eie manier. Hy werk nie met formules nie, maar met die krag van God.

Hou net vas aan Hom! Hy sal uitkoms gee volgens Sy wil en volgens Sy Eie plan vir jou lewe. Wat moet ons doen? Elkeen van ons? Vra vir Jesus vir 'n woord waarop jy kan staan as 'n belofte vir jou persoonlik.

Ons moet by vergenoegdheid uitkom. Sien jy, ons moet bo by die aanbiddingsplek uitkom. Nie-teenstaande al die struikelblokke op ons pad. God omskep alles as 'n werktuig om ons te vorm. Elke struikelblok word 'n stilhouplek waar ons eers so bietjie bestek-opname moet doen onder die leiding van die Heilige Gees, waar Hy 'n kosbare lewensles in ons inbou, wanneer ons ook van ons laste neerlê wat ons verhoed om verder te gaan. Kosbare stene. Boublokke as vastrapplek voordat ons verder gaan. So stap ons weer verder.

Paulus skryf vir Timóthéüs: *"Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins"* (1 Tim. 6:6). Een kommentator stel dit so: *"Godliness (Griek: eusebeia) with sufficient material blessings of food and clothing should make one content with life."* Die pad wat ons loop met vergenoegdheid begin dus met godsaligheid. Dit is asof ons die berg van heiligmaking en geestelike groei na boontoe klim, omdat ons geskend is deur die sondeval. En ons moet groei en ontwikkel om gelykvormig te wees aan die Beeld van Jesus Christus. Tree vir tree, trappie vir trappie, want ons heil lê op die top van die berg.

Die woord wat die 1953-vertaling hier met *"vergenoegdheid"* vertaal, het Paulus ook gebruik toe hy uit die gevangenis geskryf het dat hy geleer het om *"vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is"* (Fil. 4:11). Maar die pad wat ons loop, is die pad van 'n kind van die Here wat in diep verootmoediging kom van-weë die groot beproewing, en ons buig ons neer om vir die Here te vra: *"Wat nou, Here?"* Want God is nog al die pad met elkeen van ons besig om ons te bou en te genees van ons diepe smart en vuurproef waarin ons onself bevind. Ja, tot in ons vuurproef is Hy met ons! Al verstaan ons niks daarvan nie. Ons hunker na antwoorde van God. Ons is altyd soekend na openbaring en ingrype van God.

Op hierdie pad van heiligmaking waar ons opklim tot bo op die berg, sê die Here in Heb. 12:3-4: *"Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie."*

Ons word vermaan, aangemoedig om nie op te gee nie, maar te volhard tot ons bo uitkom. En ons klim op met die berg tot bo, want reeds in Israel het dit 'n spreekwoord geword: *"Op die berg van die HERE sal dit voorsien word."*

2. VERGIFNIS

Nou staan ons vir 'n wyle stil by vergifnis, om ons vastrapplek te vernuwe in ons aantog na die bergtop, waar ons met God wil ontmoet. Die Woord kom tot ons: *"Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen"* (Kol. 3:13). In my tyd van verdrukking wou die vyand insidente te berde bring van my kindederdae af tot vandag toe, en my daarmee beskuldig. Maar God se Woord sê: *"Wie sal 'n beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak en regverdig verklaar."* En ook: *"Wie sal ons skei van die liefde van Christus?"* (Rom. 8:31-39).

God het die laaste sê oor my lewe. Hy omskep elke situasie van aanklag teen my, en laat alles ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet (Rom. 8:28). Só het Jesus Self op die kruis uitgeroep teenoor hulle wat Hom onskuldig gekruisig het: *"Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle dien nie!"* Ons moet volg in Sy voetspore.

Verder het Jesus gesê: *"Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie"* (Matt. 6:14-15). My vrou het eenmaal 'n Christelike boek vertaal vir 'n boekklub. Daarin vertel die skrywer wat hy in Afrika as sendeling beleef het. Die swart stamme van daardie land het nog apies gevang en geslag vir voedsel. Die mense neem 'n pampoen, maak 'n kleinerige gaatjie bo in die middel van die pampoen, en los 'n klompie pitte daarin. Die apies kom na die groentelande op soek na kos. Die apie steek sy handjie in die gaatjie van die pampoen en kry sy handjie vol pitte beet, maar o weë! Wanneer hy sy handjie mét die pitte wil uithaal, sit dit vas, want hy wil nie die pitte laat los nie! As hy maar net die pitte wil los, dan sal hy vry wees. Maar nou klou hy vas daaraan. En dan kom die pampoenman en slaan die apie dood. Só is baie mense ook. Hulle klou vas aan die verlede waar mense hulle seergemaak, vervolgt en verwerp het. Hulle was onskuldig. Al wat hulle oorhou, is 'n handvol

Vervolg op p. 5

Cling to God's Promises

The thoughts that fill your mind are crucial, because what you cling to influences your worldview. If you choose to dwell on God's promises, you will start to recognise God's blessings during uncertain times. Trusting that God will redeem your present pain, equip you to walk forward in faith, and enable you to keep on fighting.

"Surely God is my salvation; I will trust and not be afraid. The Lord, the Lord Himself, is my strength and my defense; He has become my salvation" (Isaiah 12:2 NIV). This verse reminds us that we belong to a God Who is faithful to keep His promises, Who rescues us and fights for us. So when we belong to God, we have nothing to fear - all we need to do is cling to God and wait on Him to act. Today, reflect on some of God's promises, and let them transform the way you think:

- God will sustain you (Psalm 55:22).
- God's peace will guard your heart (Philippians 4:7).
- God delights over you with singing (Zephaniah 3:17).
- God will instruct you and teach you in the way you should go (Psalm 32:8).
- God is your refuge and strength, your help in times of need (Psalm 46:1).
- In all things, you are more than a conqueror because God loves you (Romans 8:37).
- God will never leave you or forsake you (Deuteronomy 31:6).
- God's perfect love casts out all your fear (1 John 4:18).
- Nothing can separate you from God's love (Romans 8:38-39).
- God's not done with you. God's not done with you. God's not done with you (Philippians 1:6).

- Selected

Spirit of God...

Who dwells within my heart,
wean it from sin, through all its pulses move.
Stoop to my weakness, mighty as You are,
and make me love You as I ought to love.
Teach me to feel that You are always nigh;
teach me the struggles of the soul to bear,
to check the rising doubt, the rebel sigh;
teach me the patience of unceasing prayer.
Teach me to love You as Your angels love,
one holy passion filling all my frame:
the fullness of the heaven-descended Dove;
my heart an altar, and Your love the flame.
- George Croly (1780 - 1860)

DIPESALEME 23 YA 2026

PSALM 23 FOR 2026



Morena, ke kopa ka 2026 gore o nne modisa wa me, gore ke se kitle ke tlhoke sepe. O mpothise mo mafulong a matalana, o nkgogele kwa metsing a tapoloso. Ke kopa O lapolose mowa wa me; o ntsamaise mo ditseleng tsa tshiamo ka ntlha ya leina la Gago. Le fa ke tsamaya mo

mogorogorong wa moriti wa loso, o nthuse go se boife bosula bope; gonne o na le nna. Tsamma ya gago le seikokotlelo sa gago di a nkgomotsa. Ke kopa O baakanye bojelo fa pele ga me go lebagana le baba ba me; o ntlotse tlhogo ka lookwane; ke kopa o tlatse senwelo sa

me gore se penologele ba ba kgabaganyang tsela ya me. Ruri molemo le boitshwarelo di tla ntshala morago ka 2026 le ka malatsi otlhe a bophelo jwa me; ke tla nna mo Ntlong ya Morena go ya bosakhu-tleng. AMEN.

Lord, please be my Shepherd in 2026 so that I will lack nothing. Refresh my soul. Guide me along the right paths for Your Name's sake. Even though I walk through the darkest valley, I will fear no evil, for You are will be with me; Your rod and Your staff, they comfort me. Prepare a table before me in the presence of my enemies. Anoint my head with oil so that my cup will overflow. Please let Your goodness and love follow me in 2026 and all the days of my life, so I dwell in the house of the Lord forever. AMEN.



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

O fudisa letsomane
la gagwe
jaaka modisa;
o phutha dikwana
ka letsogo,
a di tshola
mo sehubeng,
a iketlisa tse
di amusang.
(Jes. 40:11)

Iemand om my arms omhoog te hou

Ons lees in Eksodus 17 die besondere verhaal van Moses se voorbidding of interessie vir die volk Israel wat met Amalek in oorlog gewikkel was. Die Amalekiete was waarskynlik afstammelinge van die kleinseun van Esau, die broer van Jakob (Gen. 36:12). Hulle was 'n nomadiese stam wat in die gebied tussen Egipte en Palestina gewoon het. Ten spyte van die feit dat hulle verlange familie van Israel was, het hulle waarskynlik aggressief opgetree omdat hulle mag, gebied en hulpbronne (weiveld en water) deur Israel se teenwoordigheid bedreig is, en dit sonder aanleiding.

In Deuternomium 25:17-19 (DV) verkry ons verdere perspektief op die onmin tussen hierdie twee nasies, en God se besluit om Amalek se naam uit menseheugenis uit te delg: *"Onthou wat die Amalekiete aan jou gedoen het toe julle op pad was met julle uittoeg uit Egipte, dat hulle jou op die pad oorval het, en almal wat agter jou uitgesak het, neergevel het; en dit terwyl jy moeg en uitgeput was. Hulle het God nie gevrees nie. Wanneer die Here jou God dan vir jou rus gee van al jou vyande rondom jou in die land wat die Here jou God vir jou gaan gee om as erfdeel in besit te neem, moet jy die naam Amalek onder die hemel uitwis. Jy mag dit nie vergeet nie."* Moses het ook in Eksodus gebid, *"Hy het gesê: 'Omdat 'n hand teen die troon van die Here was, is daar oorlog vir die Here teen Amalek van geslag tot geslag'"* (Eks. 17:16 DV).

Dit moes 'n vreesaanjaende saak vir Israel gewees het om so vinnig ná hul uittoeg uit Egipte in oorlog gewikkel te wees. Barnes noem dat hierdie gebeure slegs twee maande na die uittoeg plaasgevind het. Die nuwe droom wat party kon gekoester het van ongebonde vryheid en vrede, was aan skerp. Hoe sou ons opgetree het in hierdie situasie? Ons kan verskeie gedagtes uit hierdie verhaal uitwys en oordink.

1. WANNEER ONS RADELOOS IS, MOET ONS VIR ONSSELF EN VIR ANDER INTREE

Moses het gesien dat Amalek gekom het om teen Israel te veg. Hy was prakties en het vir Josua beveel om weerbare manne gereed te kry vir die oorlog (v. 9). Terselfdertyd het hy aan Josua gesê dat hy op die heuweltop sal gaan staan met God se staf in sy hand. Dit was dieselfde staf waarmee hy voorheen wonderwerke verrig het, en dus 'n teken van God se magtige Teenwoordigheid en seën. Moses het besef dat hierdie 'n geestelike stryd was en dat God aan hulle die oorwin-

ning op bonatuurlike wyse sou gee. Maar hy het ook besef dat daar krag in voorbidding is. Hy het dus sy hande nederig na God opgehef as 'n gebed om hulp en oorwinning oor die vyande van Israel. Een kommentator herinner ons dat hierdie eerste geveg 'n patroon sou wees vir wat sou kom soos wat Israel die Beloofde Land sou inneem. Dit is dus allerbelangrik dat die geestelike aspekte van die stryd raakgesien en aangespreek word. Net so kan ons in ons lewens ons probleme na God bring en met vrymoedigheid na Hom toe gaan: *"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word"* (Heb. 4:16 DV). God is genadig, en Jesus het vir ons die weg tot in die allerheiligste oopgemaak deur Sy versoenende sterwe en opstanding. Ons kan ook vir mekaar bid, en trouens moedig Paulus ons aan om vir alle mense te bid (1 Tim. 2:1). Dit is omdat gebed krag dra en sake verander.

Dit is beter om op God se krag en vermoë te steun as ons eie. Die Psalmdigter herinner ons, *"Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die Here sy God, wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is; wat trou bly tot in ewigheid"* (Ps. 146:3-6 DV). Dit verg nederigheid en aflegging van ons eie planne en wil, maar dit is die sekere manier tot oorwinning omdat God Homself nog altyd getrou bewys het. En dit is in die swaar en donker tye wat ons proefondervindelik God se krag, maar ook Sy genade en liefde, beleef as ons onself aan Sy voete werp en Hom om hulp vra.

2. GOD MAAK VAN VOORBIDDERS GEBRUIK WANNEER HY OPTREE

Ons sien in hierdie verhaal hoe belangrik voorbidding vir ander is. Selfs in die Nuwe Testament sien ons die voorbeeld van Jesus wat vir Petrus gebid het: *"En die Here sê: 'Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeer is, moet jy jou broeders versterk'"* (Luk. 22:31-32 DV).

Inderdaad het Petrus geval, maar hy is ook in sy amp herstel en was 'n onmisbare leier in die eerste Christelike Kerk. Ons word ook aangemoedig om vir ander te bid. Ons lees in Jes. 62:6-7, *"O*

Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die Here herinner aan sy beloftes - moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde!" Dit is 'n wonderlike misterie dat die Here, wat almagtig is en alles Self kan doen, kies om ons te laat meewerk in Sy doen en late deurdat Hy aan ons 'n bediening van voorbidding gee! Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld, dié van Job. In sy moeilikste tyd van toetsing het sy vriende die fout by hom gesoek; maar hulle teologie was verkeerd en so ook hulle begrip van die Here se karakter. *"Nadat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: 'Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie. Vat sewe bulle en sewe ramme en gaan na my dienaar Job toe en offer dit as 'n brandoffer vir julleself. My dienaar Job sal vir julle bid, en Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie. Julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie.'"* Elifas die Temaniet, Bildad die Suagiet en Sofar die Naamatiet het gedoen wat die Here gesê het, en die Here het Job se gebed verhoor. *Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het"* (Job 42:7-10 NV).

3. ONS KAN VIR MENSE INTREE, AL IS HULLE ONS VYANDIGGESIND

Ons lees in dieselfde hoofstuk van die opstandigheid van Israel. Net vantevore het die volk teen Moses gemurmureer, omdat daar nie water vir hulle en hul vee was om te drink nie. Moses het tot die Here geroep en gesê dat hulle op die punt was om hom te stenig. Tog het God in antwoord op Moses se gebed water vir die volk voorsien. Later in dieselfde hoofstuk tref ons 'n volgende konflik aan, en weer sien ons hoe Moses as voorbidder vir die volk optree. Moses het wel ter wille van sy eie veiligheid gebid, maar soos 'n ware leier het hy vir die volk ingetree, ten spyte van hulle slegte hartsgesindheid. Netso leer Jesus ons 'n beter weg as die menslike en die normale: *"Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervol; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want*

Hy laat Sy son opgaan oor slegtes en goeties, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie? Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is" (Matt. 5:43-48 OV). Hier sien ons twee redes vir die opdrag van voorbidding: liefde, en om te wees soos ons Vader in die hemele, die God van liefde.

4. DIT NEEM SOMS TYD OM GOD SE WIL 'N WERKLIKHEID TE MAAK

God het beplan om die Beloofde Land vir Israel te gee. Hy sou Sy woord ten alle koste waarmaak, omdat dit Sy karakter is om Sy beloftes na te kom. Tog sien ons dat dit nie sonder 'n moeisame en uitgerekte tyd van konflik en oorlog plaasgevind het nie. Eksodus 23:28-30 maak 'n interessante stelling: *"Ek sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete die skrik op die lyf jaag en hulle voor jou uit verdryf. Ek sal hulle egter nie dadelik voor jou uitdruif nie, sodat die land nie leeg lê en die wilde diere te veel word nie. Ek sal hulle bietjie vir bietjie voor jou uit verdryf totdat jou mense genoeg is om die land in besit te neem"* (DV). Ons sien dus dat daar belangrike redes was dat God die Beloofde Land oor 'n tyd lank vir Israel gegee het.

Ons lees ook in Josua 13:1 (DV), *"Toe Josua oud en gevorderd in jare was, het die Here vir hom gesê: 'Jy is oud en gevorderd in jare en 'n baie groot deel van die land wat in besit geneem moet word, is nog oor.'"* Tog lees ons in v. 6 dat dit nie 'n onmoontlike saak is nie; trouens, God vra dat Josua die land in geloof onder Israel verdeel, al is dit nog nie eens in hulle besit nie: *"Al die inwoners van die bergland, van die Libanon af tot by Misrefot-Majim, al die Sidoniërs - Ek Self sal hulle voor die Israëliete verdryf. Laat dit in elk geval as erfdeel aan Israel toeval, soos Ek jou beveel het."* Calvyn skryf die volgende: *"Fulfil thy duty in the distribution of the land, not even excepting what is still in the firm grasp of the enemy; for I will take care to perform what I have promised."* From this we may learn to rely so perfectly upon the word of God, when undertaking any duty, as not to be deterred by doubts or fears." Laat ons dus in geloof en gehoorsaamheid voortgaan met voorbidding, maar ook met die taak wat die Here aan ons opgedra het. Hy Self sal Sy woord in vervulling bring (Jer. 1:12), al

Vervolg op p. 5

Iemand om my arms omhoog te hou

Vervolg van p. 4
neem dit lank.

5. SELFS VOORBIDDERS WORD MOEG EN HET ONDERSTEUNING NODIG

Moses het op die berg geklim, maar hy was nie alleen nie. Hy het Aäron en Hur saamgeneem. Hulle was prominente persone: Aäron was die broer van Moses maar ook die hoëpriester. Hur was die kleinseun van Kaleb en oupa van Besaleël wat bygedra het tot die bou van die tabernakel. Sommige dink dat Hur Moses se swaer, die man van Miriam, was. Moses het die waarde van ondersteuning besef, gepaardgaande met dié van gebed. Wat 'n mooi prentjie van twee steunpilare wat Moses se arms opgehou het toe hy moeg geword en uitgesak het. En hoe belangrik was hierdie taak nie: die

oorwinning sou nie kom indien Moses nie aanhou bid en sy hande uitgestrek het nie. 'n Mens kan wonder hoe en hoekom, en waar God se raadsplan dan nou inpas. Maar ons sal dalk nie nou antwoorde op sulke vrae kry nie. Wat van belang is, is deursetting en ondersteuning wat ons in ons eie gebedslewens kan en moet toepas. Ons kan bemoedig word deur die gesegde, "Labour in prayer and watch God work." Ons hoef nie alles te verstaan nie, ons moet net op God vertrou en op die Heilige Gees wag om ons te lei in ons gebede.

6. JESUS IS ONS GROOT VOORBIDDER

Sommige kerkvaders het in Moses 'n prentjie gesien van Christus op die kruis - met uitgestrekte arms het Hy vir ons

voorbidding by die heilige Vader gedoen, sodat ons sondes vergewe kan word! Ons moet altyd terugkeer na die Voorbeeld wat Jesus vir ons gestel het. Hy is ons Groot Hoëpriester wat tussen God en mens kom staan: "Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word" (Heb. 4:14-16 OV). Paulus herinner ons ook, "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?

God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree" (Rom. 8:33-34 OV).

SAMEVATTING

Uit bostaande verhaal sien ons die krag van gebed, die krag van deursetting, en die krag van ondersteuning. Ons sien ook die krag van vergifnis en liefde. Uiteindelik sien ons dat Jesus al hierdie deugde beliggaam in Sy rol as ons Groot Hoëpriester. Hy is ons Voorspraak, en Hy tree vir ons by die Vader in! Laat ons dan waardige voorbidders en ondersteuners wees, en deelneem aan die misterieuse proses om God se wil op aarde te laat geskied. © C Venter

Die Drie V's - Op die Berg van die HERE sal dit Voorsien word

Vervolg van p. 2

'pitte' van bitterheid, wrokkigheid smart en pyn wat vergelding soek. Sommige sê: "Ek sal vergewe, maar vergeet? Nooit!" Gestel nou God sou só 'n gesindheid teenoor ons openbaar? Maar luister wat sê Sy Woord nadat ons ons skuld bely het: "...en aan hulle sondes en hulle ongeregthede sal Ek nooit meer dink nie" (Heb. 10:17). Sy vergifnis is volkome. Ons sonde is weggewas deur die bloed van Jesus. Ek het nou by vergifnis gekom. Maar iets kom nog kort. Want ek voel nog die pyn.

3. VERSOENING

Vergifnis en versoening loop hand aan hand. Dit is dán wanneer ek vrede vind in my gemoed. En nou lê daar nog 'n trappie voor. Ek moet gedurig versoen met God en met my naaste.

Eintlik kan daar nie vergifnis kom voor daar nie éérs versoening is nie. Ek moet met God versoen, en so ook met alle ander mense. Versoening met God kom deur die bloed van die Lam van God wat Sy bloed aanbied vir ons versoening. In die tyd van Israel moes hulle vir die viering van die pasga 'n vlekkelose lam offer, wat heenwys na Jesus Christus. Soos Johannes die Doper gesê het toe Jesus aangestap kom om gedoop te word: "Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: 'Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!'" (Joh. 1:29). Jesus

word gekruisig in die tyd van die paasfees en Hy stort Sy bloed as 'n soenoffer vir die ganse mensdom!

Dit is soos 'n man en 'n vrou met huweliksprobleme. Die terapie is dat hulle met mekaar moet versoen om die huwelik te red. Dalk het albei skuld wat bygebring moet word. Soos die Woord sê: "Bely mekaar julle misdade en vergewe mekaar as die een teen die ander iets het." Dit wil vir my voorkom asof hierdie twee handelinge gelyktydig plaasvind. Maar wanneer dit by God kom, dan is elkeen van ons die skuldige een wat met God moet versoen. Hy is volmaak, en maak nie foute nie. Ek moet met Hom versoen deur die bloed van Jesus Christus. Kyk wat sê die Woord by monde van Paulus: "...en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen (katallassō) het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou" (2 Kor. 5:18-19). En in Rom. 5:10: "Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen (katallassō) is deur die dood van Sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word nou dat ons versoen is." Dit is soos 'n boekhouer wat die boeke laat klop. En dan vul Johannes in 1 Joh. 2:2 aan: "En Hy is 'n versoening (hilasmos) vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld." Albei hierdie Griekse begrippe dui op die mens wat

met God versoen moet word deur Jesus se bloed. Maar lg. *hilasmos* bring nog 'n verdere dimensie by, en dit is die plek van versoening. Dink maar aan die berg van versoening. Johannes sê soos die ark van die verbond se versoendeksel, die *hilasterion*, die plek van die versoendeksel was, so word Jesus in die Nuwe Verbond die plek van versoening [hierdie woord dui op lokaliteit, die modus is datief]. Jesus is nou ons *hilasterion* waar ons met God ontmoet. Want in Hom is ons met God versoen, "toe ons nog sondaars was!"

Die vloek van die sondeval wat op die mens gekom het in Adam, word nou deur Jesus omgekeer, deurdat Hy ons met God kom versoen het. Ons lees in Gen. 3:15 dat Hy gekom het om die kop van die slang te vermorsel. En dan gebeur dit deur die kruis, soos Jesaja dit stel: "Dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel" (Jes. 53:10). Nou loop ons in die voetspore van Jesus in ons taak om die waarheid van die Woord, die Evangelie van Jesus, uit te dra, ook aan ons vyand. Die Woord verklaar: "En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word" (2 Tim. 3:12).

Die belangrikste is: Ek moet vrede in my gemoed ervaar. Hiervoor werp ek my op die vergifnis en versoening op die bloed van Jesus Christus wat as ons Hoëpriester met Sy eie bloed in die Allerheiligste ingegaan het en 'n ewige verlossing teweeggebring het (Heb. 9:12). En ek is versoen met God en met my naaste!

SAMEVATTING

Ons as gelowiges gaan soms deur baie swaar tye. Die geheim is om die dri V's in hierdie tye van toetsing te vind: vergenoegdheid, vergifnis en versoening. Dit sal aan ons vrede bring. Maar ons hoef dit nie in ons eie krag te doen nie. Soos vir Abraham op die berg Moria, sal God ook vir ons die onmoontlike doen en voorsien wat ons ook al benodig. As ons maar net in nederigheid na Hom toe kom, in vaste vertroue en geloof, en ons aan Sy wil onderwerp. Ons moet Hom beleef as ons Prins van Vrede, onself aan Hom oorgee, en die pad van heiligmaking stap, sodat ons meer en meer soos Jesus kan word. Dit is nie altyd 'n maklike pad nie, maar dit is altyd 'n geseënde pad!

© Dr JJ Venter

Gehoorzaamheid mag dalk baie van jou vra, maar die prys van ongehoorzaamheid is veel hoër.
- Hendri Hofmeyr

Beautiful Scars - Emma's Story

There is a purposeful beauty to our scars. Our scars bear witness to our story.

What most of us don't realise is that scar tissue is stronger than the original skin. A gaping wound is not pretty, but a healed scar means that place is stronger than it ever was before. There is a purposeful beauty in our scars. Our scars bear witness to our story.

I grew up in Ipswich, a country town in Queensland, Australia. My parents were pastors at our local church. My mum was a worship leader, a prophetic songwriter, and a preacher. She released six albums and was also a pioneer in incorporating creative elements like dance and drama into the church in Australia during the 1970s.

My parents had four children, three girls and a boy. Sadly my older sister died just before her second birthday as the result of a brain injury she suffered at birth through medical negligence. My older brother was born shortly after her death, I was next and then two years after my arrival, our younger sister Melanie was born. Melanie was born with severe brain damage. She is now 32 years old but requires constant care, as she is unable to walk, talk or feed herself. Melanie and I shared a room growing up and she holds a very dear place in my heart.

Not long after Melanie was born my mum got cancer. From the time her illness was finally diagnosed to when she passed away was 12 weeks. She was only 37 years old and I was four.

Our family's world was turned upside down. The next ten years were filled with burdens and pain that I was not equipped to handle. My sense of security and identity was further shaken when the son of a family friend sexually abused me. By the time I was 14 I had left the church and by 16 I was staying most days at my boyfriend's house. I was consumed by anger and unprocessed grief.

My father had remarried but my anger and pain prevented me from embracing a relationship with my stepmother and new little

brother.

At 16, I was in love and had developed some very unhealthy coping mechanisms. My relationship with my boyfriend became the focus of my life. What I was too young to realise was that this relationship was only a Band-Aid. At 18 years of age that Band-Aid was painfully ripped off when I met another beautiful, young 18-year-old girl who was pregnant with my boyfriend's baby. My life had become like an episode of Jerry Springer. I was devastated but my self-esteem was so desperately low that I stayed.

